



HOËRSKOOL NELSPRUIT SKOOL - EN KOSHUISAANSOEKVORM

DAGSKOLIER SKOOL - EN KOSHUISAANSOEK

Graad en jaar waarvoor u aansoek doen:

Graad:

2

0

AFDELING A: LEERDERBESONDERHEDE

VAN

VOLLE NAME

NOEMNAAM

GEBORTE DATUM (YY/MM/DD)

ID NOMMER

GESLAG

LEERDER SELFOON

LEERDER WOONAGTIG TE

HUIDIGE SKOOL

HUIDIGE GRAAD

BURGERSKAP

2	0										
Seun				Dogter							
Beide ouers				Moeder			Vader		Grootouer		
Pleegouer				Voog							
7	8	9	10	11	12						

NB: HEG 'N AFSKRIF VAN DIE LEERDER SE GEBORTESERTIFIKAAT AAN.

Besonderhede van broer/suster wat tans in NHS is:

Toelatingsnommer	Naam en Van

Leerders van dieselfde familie moet	DIESELFDE	rekeningnommers hê.
	VERSKILLENDE	

Besonderhede van leerder se oupa/ouma/pa/ma/broer/suster wat OUD-SKOLIERE van NHS is:

Naam en Van	Verwantskap	Jaartal

Paraaf: Ouer



AFDELING B (OUERBESONDERHEDE)

VADER/VOOG/ANDER						MOEDER/VOOG/ANDER						
						TITEL						
						VOORLETTERS						
						NOEMNAAM						
						VAN						
						ID						
						BEROEP						
Skool	Ja	Nee	Koshuis	Ja	Nee	REKENPLIGTIG VIR REKENING	Skool	Ja	Nee	Koshuis	Ja	Nee
ADRESBESONDERHEDE												
						Woonadres						
						Posadres						
Kode:						Kode:						
TELEFOONNOMMERS EN KONTAKBESONDERHEDE												
						Huis						
						Werk						
						Selnommer						
						E-posadres						
WERKBESONDERHEDE												
						Posbenaming						
						Werkgewer						
						Maatskappy						
						Werkgewer adres						

MEDIESEFONDS BESONDERHEDE:

Leerder word gedek deur 'n mediese fonds	JA	NEE
--	----	-----

Naam van mediese fonds	
Mediese fondsnommer	
Hooflid	

NB: HEG 'N AFSCRIF VAN DIE MEDIESEFONDSKAART AAN

Paraaf: Ouer



AFDELING C: (LEERDERPROFIEL)

AKADEMIE

Merk die toepaslike blokkie met 'n 'X'.

Gemiddeld behaal tydens die vorige November-eksamen:

90-100		50-59	
80-89		40-49	
70-79		30-39	
60-69		Minder as 30	

NB: HEG 'N AFSCRIF VAN DIE VORIGE JAAR SE NOVEMBER-RAPPORT AAN!

**NB: HEG 'N AFSCRIF VAN DIE HUIDIGE JAAR SE JUNIE-RAPPORT AAN OF
STUUR SODRA BESKIKBAAR NA: nellies@nelliesh.co.za**

Het die leerder enige eksamenhulp (in die vorm van akkommodasie) ontvang by die skool waar hy/sy tans is?	JA	NEE
---	----	-----

Indien "JA" dui aan watter van die volgende uitdagings u kind ervaar:			
Aandaggebreksindroom	Leesprobleem	Gedragsprobleem	Serebraalgestremd
Gehoerprobleem	Outisties	Epilepsie	Leerprobleem
Swaksiende	Rekenprobleem	Diabeet	
Fisiese gestremdheid: (Spesifiseer):			
Ander: (Spesifiseer):			

**NB: HEG 'N BEWYS VAN AKKOMMODASIEBEVESTIGING AAN SOOS
DEUR DIE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS VOORSIEN.**

Paraaf: Ouer



BUITEMUURSE DEELNAME (Afgelope 12 maande)

Dit is vir die skool belangrik dat die leerders aktief moet deelneem aan die aktiwiteite wat die skool aanbied.

U is baie welkom om afskrifte van prestasiesertifikate ensovoorts by die aansoek aan te heg.

Dui die BUITEMUURSE AKTIWITEIT(E) waaraan die leerder deelgeneem het, aan:

SPORTDEELNAME	HOOGSTE VLAK VAN DEELNAME	PRESTASIES

KULTUURDEELNAME	HOOGSTE VLAK VAN DEELNAME	PRESTASIES

LEIERSKAP

Tot watter LEIERPOSISIES is die leerder al verkies?

AKTIWITEIT	VORM VAN LEIERSKAP	JAAR

Paraaf: Ouer



KONTROLE VAN AANGEHEGDE DOKUMENTE:

Merk in die blokkie met 'n "X" indien die dokumente aangeheg is:

DOKUMENT	Belangrikheid	Merk met "X"	
Afskrif van geboortesertifikaat	Noodsaaklik	AANGEHEG	
Afskrif van mediese fondskaart	Indien van toepassing	AANGEHEG	
Laaste November-rapport	Noodsaaklik	AANGEHEG	
Vanjaar Junie-rapport	Noodsaaklik	AANGEHEG	Stuur later
Eksamen-Akkommodasie (Dept. van Onderwys)	Indien van toepassing	AANGEHEG	

LET WEL: Indien die vorm nie volledig voltooi is of alle noodsaaklike dokumente aangeheg is nie, is die vorm onvolledig en kan nie verwerk word nie!

TOELATINGSVOORWAARDES

Om tot Hoërskool Nelspruit toegelaat te word, moet die leerders:

- Gedurende die skooljaar nie ouer word as:
 - Gr. 08 - 16 jaar
 - Gr. 09 - 17 jaar
 - Gr. 10 - 18 jaar
 - Gr. 11 - 19 jaar
 - Gr. 12 - 20 jaar
- Alle skoolreëls gehoorsaam.
- Bereid wees om aan te pas by die kultuur, tradisies, sosiale gebruike en etos van die skool.
- Afrikaans as amptelike voertaal en taal van onderrig aanvaar.

Tensy die beheerliggaam spesiale goedkeuring verleen, kan 'n leerder toelating verbeur, indien op enige stadium nie aan bogenoemde voorwaardes voldoen word nie.

Hoërskool Nelspruit erken die belang daarvan om persoonlike inligting te beskerm en onderskryf die beginsels soos vervat in die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting van 2013. Met die wetgewing in ag genome gee ek as ouer/voog hiermee toestemming dat my kind afgeneem mag word en dat foto's/videomateriaal met my kind daarin, vir die skool se behoeftes, gebruik mag word.

Handtekening:

Ouer	Getuie 1	Getuie 2
------	----------	----------

Paraaf: Ouer



SKOOL-EN KOSHUISTOELATINGSOORENKOMS

Ooreenkoms aangegaan deur Hoërskool Nelspruit (hierna *Skool*) verteenwoordig deur

(BL Voorsitter) _____

in sy hoedanigheid as Voorsitter van die Beheerliggaam, behoorlik daartoe gemagtig

EN

(Ouer) _____ (hierna *Ouer*)

as: verwantskap tot leerder:

wettige ouer	voog	grootouer	stiefouer	ander- spesifiseer
--------------	------	-----------	-----------	--------------------

van (Leerder) _____ (hierna *Leerder*).

[volle voornaam/van soos op geboortesertifikaat]

vir toelating van die Leerder tot die Skool, bevestig en onderneem die Ouer:

1. dat die Leerder aan alle toelatingsvoorwaardes soos vervat in hierdie dokument, voldoen.
 2. dat die Ouer en Leerder hulle onderwerp aan die skoolreëls soos vervat in Bylaag A.
 3. om die skoolgeld wat jaarliks deur die Beheerliggaam vasgestel en kragtens die SA Skolewet gehef mag word, ten opsigte van die leerder, te betaal. Die bedrag skoolgeld is by ondertekening hiervan opeisbaar en betaalbaar, maar die Skool sal sonder benadeling van regte, die Ouer op aanvraag toelaat om as volg te betaal:
 - Gr. 8- gr. 11: 10 gelyke agtereenvolgende maandelikse paaieimente vanaf die dag wat die skool begin Januarie tot 3 Oktober: voor of op die derde dag van elke maand, vooruit te betaal;
 - Gr. 12: 7 gelyke agtereenvolgende maandelikse paaieimente vanaf die dag wat die skool begin in Januarie tot 3 Julie: voor of op die derde dag van elke maand, vooruit te betaal;
- Voorwaardes t.o.v. betalings:
- 3.1 gemelde toegewing by wanbetaling van enige maandelikse paaieiment sal verval; en
 - 3.2 indien korting op aansoek toegeken sal word, die Ouer aanspreeklik vir betaling van enige tekort sal wees.
4. dat geen maandelikse rekening gelewer sal word vir die paaieiment soos vervat in klousule 3 hierbo nie.
 5. aanspreeklikheid vir die vervanging van verlore en beskadigde handboeke.
 6. dat die skoolgelde die gebruik van handboeke en een skrif pervak of vakkomponent insluit.
 7. om by versuim van betaling, ook moratore rente op die uitstaande bedrag gehef vanaf datum van ondertekening hiervan, te betaal indien so versoek word.
 8. dat die skool geregtig is om regstappe te neem vir die invordering van enige agterstallige geld en dat prokureur- en kliëntkoste en invorderingskommissie van die Ouer verhaal kan word.
 9. dat 'n sertifikaat waarin enige agterstallige bedrag tesame met rente aangetoon word, voldoende bewys is van die bedrag verskuldig en dat dit nie nodig sal wees om die aanstelling en/of magtiging van die ondertekenaar van die sertifikaat te bewys nie. Hierdie sertifikaat sal 'n likiede dokument wees vir doeleindes van verkryging van voorlopige of summiere vonnis.
 10. dat die Ouer sy woonadres, soos vervat in Afdeling Bas *domicilium citandi et executandi* kies, en hiermee toestem tot die aflewering van alle kennisgewings en prosesstukke by hierdie adres.
 11. dat die inligting soos vervat in Afdeling B korrek is, en dat die Ouer verplig is om binne sewe dae na enige verandering, die skool van sy nuwe woon- en posadres in kennis te stel.
 12. dat die Skool nie aanspreeklik gehou sal word vir enige skade of besering wat die leerder of die ouer mag opdoen en wat spruit uit die leerder se toelating tot die skool, teenwoordigheid by die skool, gebruik van enige skoolfasiliteite, deelname aan enige skoolaktiwiteite of enige ander aktiwiteite op die skoolgrond of enige terrein wat deur die skool gebruik of besoek word nie, en wat nie veroorsaak is deur die Skool of enige van die personeel se growwe nalatigheid of opset nie.

Paraaf: Ouer



BYLAAG A: SKOOLREËLS

1. Opvoedkundig:

Leerders verbind hulle tot:

- Verpligte bywoning van die totale kurrikulêre program.
- Verpligte bywoning van enige nodige kursusse soos deur die Hoof gereël.
- Inskakeling van nuwe leerders word deur die Bestuurskomitee hanteer, nadat die program deur die Hoof goedgekeur is.
- Pligsgetroue skoolwerk en getroue skoolbywoning. Volgens Omsendbrief E35/(2016) van die Departement van Onderwys sal geen leerder vir progressie in aanmerking kom indien die leerder vir meer as twintig dae, sonder 'n geldige rede, afwesig is nie.

2. Kleredrag en Voorkoms:

Vir die volledige reëls sien die prospektus op die webtuiste.

2.1 Meisies:

- Slegs voorgeskrewe uniforms, swart skooltruie en skoolbaadjies met swart skoolskoene en die amptelike skoolkouse, mag gedra word.
- Gedurende wintermaande mag lang, swart kouse of skoolkouse asook langmouhemde met 'n das gedra word.
- Hare mag nie in die oë hang nie en slegs wit, swart of donkergroen linte word toegelaat. Sodra die hare oor die kraag van die bloes hang, moet dit vasgemaak word.
- Geen juweliersware of grimering, buiten klein oorballetjies of ooringetjies en armhorlosies word toegelaat nie.

2.2 Seuns:

- Slegs voorgeskrewe uniform, swart skooltruie, skoolbaadjies, skoolkouse en bruin Grasshoppersskoene word toegelaat.
- Geen juwele behalwe armhorlosies nie.
- Haarlengte en -snit moet aan die neergelegde reëls voldoen.

2.3 Algemeen

- Slegs skooldrag word tydens skoolfunksies gedra.
- Sportdrag soos voorgeskryf.
- Seniorsdrag word slegs deur graad 12-leerders gedra.
- Provinsiale kleure mag nie na klasse gedra word nie, maar wel na alle ander funksies.

3. Skoolterrein:

- Die skoolterrein mag nie gedurende skoolure sonder toestemming van die skool verlaat word nie. Koshuise mag slegs met die toestemming van die huisvader gedurende skoolure besoek word.
- Die swembaddens en gimnasium mag slegs onder toesig van onderwysers gebruik word.
- Geen leerder mag gedurende pouse in die klaskamers sonder toesig wees nie.
- Klipgooiery, natgooiery en rowwe speletjies word ten strengste verbied.
- Rook, alkoholiese drank en gewoontevormende middels is absoluut verbode.
- Skoolterrein, -geboue en -toerusting moet met sorgsaamheid benut word.
- 'n Leerder mag slegs met toestemming van die skool 'n voertuig op die skoolterrein bestuur. Motorfietsryers mag slegs op voorgeskrewe plekke parkeer.

4. Algemeen:

- Alle leerders bly altyd, d.w.s. ook buite gewone skoolure, verbind tot die etos van die skool. Daar word dus verwag dat hulle dit sal uitleef.
- Behalwe bostaande skoolreëls, bestaan daar ook 'n stel ordereëls vir die deurlopende handhawing van goeie dissipline (Verwys na die prospektus op die webtuiste).



KOSHUISTOELATINGSOORENKOMS

1. Hiermee doen ek, as Ouer, aansoek om toelating van die Leerder tot die koshuis

Ja	Nee	Merk met 'n "X"
----	-----	-----------------

2. Ek is bewus dat inwoning in die koshuis onderworpe is aan die koshuisreëls soos deur die huisvaders vasgestel.
3. Ek onderneem om kwartaalliks koshuisgelde vooruit te betaal op die eerste skooldag van elke kwartaal, of 'n skriftelike reëling by die finansiële kantoor te tref vir die afbetaling van koshuisgeld.
4. Ek onderneem om twee weke kennis te gee voordat ek die leerder permanent uit die koshuis neem.
5. Ek onderneem om alle skade, veroorsaak deur die leerder aan koshuiseiendom, te vergoed.
6. Ek is bewus daarvan dat die koshuis gedurende skoolvakansies en naweke gesluit is en dat ek daarvoor verantwoordelik is om die leerder op eie koste na en van die koshuis te vervoer.
7. Ek gee hiermee toestemming dat die onderwyser aan diens in geval van siekte of besering soos volg mag optree:
 - a) My onmiddellik in kennis sal stel, of
 - b) Indien ek nie beskikbaar is nie, die kontakpersoon in kennis sal stel, of
 - c) Indien die kontakpersoon nie beskikbaar is nie, die nodige stappe mag neem om mediese versorging te reël, insluitend skriftelike toestemming vir narkose.
8. Ek onderneem verantwoordelikheid vir die betaling van rekenings t.o.v. behandeling en medisyne.
9. Ek gee hiermee toestemming aan die Ontvanger van Inkomste om my adres aan die skool te verskaf indien ek nie opgespoor kan word nie.

VIR SKOOL- EN KOSHUISAANSOEK:

Voltooi asseblief volledig

Die Ouer en Skool erken dat ondertekening van hierdie aansoekvorm deur beide geag word as aanvaarding van alle voorwaardes hierin en dat 'n geldige en bindende ooreenkoms tussen hulle tot stand kom en dat dit die enigste en volledige ooreenkoms sal wees. Geen ander ooreenkoms is derhalwe bindend nie tensy dit op skrif gestel is en deur beide Ouer en Skool onderteken is.

Geteken te _____ hierdie _____ dag van _____ Jaar _____

Ouer	Getuie 1	Getuie 2
------	----------	----------

Geteken te MBOMBELA hierdie _____ dag van _____ Jaar _____

Beheerliggaam/Skool	Getuie 1	Getuie 2
---------------------	----------	----------